# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

1 November 2022

**OMSENDBRIEF 9/2022**

## TRAKTEMENTSKALE 2023, AFTREE OUDERDOM EN MEDIESE PLANKEUSES VIR 2023

**Aan alle leraars en skribas**

Geagte broeders

### 1. TRAKTEMENTSKALE 2023

Tydens 'n vergadering gehou op 25 Oktober 2022 het die GKK op 'n verhoging van 7.0% besluit.

Let asseblief daarop dat die aanbeveling van 7.0% verhoging slegs betrekking het op die traktementskaal. Alle ander toelae verskil van gemeente tot gemeente na gelang van elke gemeente se eie bedieningsbehoeftes en elke plaaslike kerkraad moet dus die nodige aanpassings ten opsigte daarvan maak. Die GKK beveel aan dat die hersiene traktementskaal, soos hieronder aangedui, met ingang 1 Maart 2023 ingestel word.

Die GKK vertrou dat gemeentes waar predikante voltyds in diens is, sulke predikante **nie minder gunstig** as ooreenkomstig die aanbevole traktementskaal en die aangeduide aanpassings sal vergoed nie.

Die ooreenkoms wat die gemeentes met mekaar in die kerkverband het is dat alle leraars, in soverre dit vir die plaaslike kerkraad moontlik is, jaarliks op 1 Maart die inflasie- sowel as die jaar-kerf aanpassing ontvang, totdat Kerf 9 bereik word. Die veronderstelling is dat alle leraars ná 9 jaar se diens in die kerkverband dieselfde basiese traktement ontvang.

Die fondsverjaardag van die Pensioenfonds is 1 Maart van elke jaar en daarom poog ons om die salaris-/traktementverhogings ook vanaf hierdie datum te laat plaasvind, om te voorkom dat

daar elke maand nuwe inligting aan die administrateur, aCravest, gegee moet word. Hierdie kantoor is verantwoordelik vir die oorbetaling van die pensioenfonds ledegelde aan aCravest en dit sal waardeer word indien u besonderhede van die hersiene traktemente wat aan u predikant(e) toegeken is, so spoedig moontlik, maar nie later nie as 31 Maart 2023 aan afdeling Finansies by die Gemeenskaplike Kerkkantoor kan verstrek.

*Die huidige (2022) en* **hersiene (2023)** *traktementskale is soos volg:*

Huidige skaal vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2023:
R269 200 x 17 425 – 286 625 x 20 725 – 410 975 x 28 515 – 439 490.

**Hersiene skaal vanaf 1 Maart 2023 tot 28 Februarie 2024:**
**R288 000 x 18 650 – 306 650 x 22 200 – 439 850 x 30 500 – 470 350.**

| Jare | Huidige kerf (2022) | Jare | Hersiene kerf (2023) |
|---|---|---|---|
| | R | | **R** |
| 1 | 269 200 | 1 | **288 000** |
| 2 | 286 625 | 2 | **306 650** |
| 3 | 307 350 | 3 | **328 850** |
| 4 | 328 075 | 4 | **351 050** |
| 5 | 348 800 | 5 | **373 250** |
| 6 | 369 525 | 6 | **395 450** |
| 7 | 390 250 | 7 | **417 650** |
| 8 | 410 975 | 8 | **439 850** |
| 9 | 439 490 | 9 | **470 350** |

Ter illustrasie beteken die aanbeveling in praktyk dus dat ŉ leraar wat tans ŉ jaarlikse traktement van R348 800 ontvang, se traktement verhoog word na R395 450.

Daardie leraars wat reeds op die topskaal van Kerf 9 traktement ontvang (2022 was dit R439 490), ontvang slegs die aanbevole persentasie-aanpassing (dus vanaf 1 Maart 2023 R470 350).

Ten opsigte van proponente wat DV ná afloop van die legitimasie in Januarie 2023 beroep word, beveel die GKK aan dat die hersiene kerf vanuit die staanspoor op die beroepsbrief vermeld word en dat daar dan geen verhoging op 1 Maart 2023 gegee word nie.

## 2. AFTREE OUDERDOM

Die afgelope Sinode het ’n besluit in die verband geneem en ons haal aan:

Handelinge 2022 Sinode, bl.27, pt. 1.5.3



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

| | |
|---|---|
| 1.5.3 | Die Sinode herinner kerkrade en leraars aan die reëls van die pensioenfonds ten opsigte van voortsetting van diens ná die normale aftree-ouderdom van 65 jaar bereik is, wat bepaal dat daar jaarliks deur die werkgewer toestemming tot verlengde diens verleen moet word. Hierdie toestemming moet skriftelik met die Gemeenskaplike Kerkkantoor gekommunikeer word. |

**3. MEDIESE PLANKEUSES**

Ons haal vir u die sinodebesluit oor hierdie aangeleentheid aan:

Handelinge 2017 Sinode, bl. 367 pt.7.5.1

| | |
|---|---|
| 7.5.1 | U en die kerkraad moet jaarliks voor 30 November onderhandel aangaande die plankeuse wat vir die volgende jaar uitgeoefen moet word. |

Die omsendbrief van die makelaar is reeds op 31 Oktober 2022 uitgestuur en ons vra u spoedige hantering daarvan. Hou asseblief in gedagte dat daar teen April 2023 ŉ moontlike verhoging van tot 12% verwag word.

Met agting en seënwense

GJJ van Rensburg
**n. DIREKTEUR VAN KERKADMINISTRASIE**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023